

4 April

Matteus 28:1-10, (Teks: 28:5,6)

Jesus leef!

Watter een van die twee heilsgebeurtenisse is vir u die belangrikste: Die dood of die opstanding?

Natuurlik is die een nie belangriker as die ander nie, maar is dit ook waar van u geloofslawe? So baie Christene leef asof Jesus net gesterf het en nog in die graf is. Ons aanbid 'n lewende Jesus aan die regterhand van God en daarom moet die lewende Gees en krag van God in ons lewens sigbaar wees. In ons gedagtes moet net die een sentrale gedagte van die Blye Boodskap oorheers: Jesus leef!

Die dissipels het Hom by die dooies kom soek. Hulle bedoeling was opreg, maar wat hulle nou wil doen is om aan 'n dooie eer te bewys en sy nagedagtenis in herinnering te roep. Die Paasboodskap trek 'n streep deur alle vroom verwagtings by die graf van Jesus. Die leë graf verkondig aan ons voldoening en oorwinning. Alleen deur ons geloof in 'n lewende Jesus sal ons lewe.

Om sonde te doen is om Jesus by die dooies te soek. Daarom bring sonde vertwyfeling, angs, vrees, ongeluk en pyn in ons lewe. Sonde is dood. Daarom bring die sonde doodsverwagtings voort. Nee, Hy lewe sodat ons ook met Hom kan lewe. Die sonde het nie meer die laaste mag of enige krag of die laaste woord nie. Moenie toelaat dat die twyfel en onsekerheid van die sondaar in u hart kom nesmaak nie. Dit maak ons geloofslawe lam en niksseggend. Kry die dood en doodsgedagtes uit jou hart deur te lewe tot verheerliking van God.

Sing: Psalm 113:1 Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Moorivier)